INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

# VERBRUIKERSTUDIES

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 200 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning van detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees van die toepassing van die nasienriglyne.**

---

## AFDELING A VOEDSEL EN VOEDING EN VERBRUIKERVERWANTE KWESSIES

## VRAAG 1 MEERKEUSIGE VRAE

| **Vraag** | **1.1** | **1.2** | **1.3** | **1.4** |
|---|---|---|---|---|
| **Antwoord** | D | C | B, C | A |

## VRAAG 2

2.1 Hoë glukemiese indeks (GI) voedsel

2.2 Vetsug / Obesiteit

2.3 Arteriosklerose

2.4 Osteoporose

2.5 Allergeen/melkproteïen

2.6 Bulimia Nervosa/Bulimie

2.7 Hemoglobien

## VRAAG 3

3.1 **Beskryf die algehele tendens soos aangedui vir Zimbabwe.**

Na die aanvanklike styging in die aantal sterftes in Zimbabwe vanaf 1990 tot ongeveer 2000, het die kurwe 'n paar jaar lank tot 2005 afgeplat (dieselfde gebly/min fluktuasie getoon) waarna daar 'n definitiewe afname in die aantal sterftes weens MIV/Vigs tot 2019 is/afwaartse kurwe.

3.2 **Identifiseer DRIE bestuurstrategieë wat hierdie tendens vir Zimbabwe tot gevolg gehad het.**

- Beter mediese versorging.
- Met die groter beskikbaarheid en gebruik van antiretrovirale middels om MIV-lyers te behandel, kan hulle langer leef (nie net algemene medikasie nie).
- Vroeë opsporing en toetse het mense in staat gestel om hul status te ken en vroegtydig behandeling te ontvang.
- Vroeë opsporing en behandeling van opportunistiese infeksie sal hierdie afwaartse neiging van sterftes tot gevolg hê.
- Opvoeding oor die toestand lei tot gesonder leefstylgewoontes wat lewensverwagting sal verhoog.
- Opvoeding oor die gebruik van kondome/beskikbaarheid van gratis kondome.

3.3 3.3.1 **Verduidelik die redes vir hierdie statistiek.**

MIV vernietig 'n tipe witbloedsel (CD4 of T-helpersel) wat normaalweg help om siektes of infeksies te beveg. 'n Persoon wat met MIV besmet is, sal uiteindelik 'n verswakte immuunstelsel hê, VIGS ontwikkel en gevolglik meer vatbaar wees vir opportunistiese infeksies soos TB/ander infeksie/Covid.

3.3.2 **Verduidelik waarom mense met MIV/VIGS dikwels wangevoed is.**

Enige TWEE goed gemotiveerde antwoorde sal aanvaar word.

- MIV kan die immuunstelsel verswak daarom kan die persoon ondervoed word as gevolg van die simptome van opportunistiese infeksies soos diarree, koors ens. of die verkeerde inname van die optimum voedingstowwe vir algehele gesondheid.
- Verminderde eetlus, wat die gevolg kan wees van probleme om voedsel in te neem as gevolg van infeksies soos mondsproei of esofagitis.
- Swak opname van voedingstowwe kan die gevolg van gepaardgaande diarree weens bakteriële infeksies wees.
- Newe-effekte van Antiretrovirale middels soos naarheid, diarree wat opname van voedingstowwe beïnvloed

3.4 **Verduidelik, in detail, die voedingsvoordele van hierdie twee kossoorte vir mense wat aan MIV/VIGS lei.**

| **Belangrike voedingstowwe in die voedselitems.** | **TWEE voordele van hierdie voedingstof vir mense wat aan MIV/VIGS lei.** |
|---|---|
| Vitamien C | Help herstel na infeksies<br>'n Antioksidant wat skade aan selle en infeksies voorkom |
| Dieetvesel | As die persoon wat gediagnoseer is aan diarree ly – vertraag dit maaglediging<br>Dieetvesel is ryk aan antioksidante om infeksies te voorkom<br>Verhoog gevoel van versadiging en stabiliseer bloedglukosevlakke in die geval van eetlus- en gewigsverlies |
| Proteïen | Bou en versterk die immuunstelsel<br>Help om verlies van spierweefsel te voorkom |
| Vitamien E | 'n Antioksidant wat infeksies voorkom<br>Voorkom selbeskadiging |
| Selenium | Help om T-helperselle te aktiveer<br>'n Antioksidant wat infeksies voorkom<br>Voorkom selbeskadiging |
| Sink | Beskerm en versterk die immuunstelsel |

**VRAAG 4**

4.1 **Identifiseer die toestand waaraan Daniël moontlik kan ly.**

SLEGS TIPE 2-DIABETES SAL AANVAAR WORD
Tipe 2 Diabetes

4.2 **Gee Daniel raad oor hoe om hierdie leefstyltoestand te beheer deur die volgende tabel te voltooi.**

ANTWOORDE MOET SKAKEL MET DIE BRON EN SLEGS TIPE 2-DIABETES – ALGEMENE ANTWOORDE MOET NIE PUNTE TOEGEKEN WORD NIE.

| **Identifiseer DRIE slegte gewoontes in Daniël se huidige leefstyl.** | **Adviseer Daniel om hom te help om die negatiewe uitwerking van hierdie gewoonte op sy gediagnoseerde toestand te oorkom.** | **Gee TWEE redes vir hierdie spesifieke raad.** |
|---|---|---|
| Slaan maaltye oor<br>OF<br>Voorbeeld uit teks | Eet gereelde klein en gebalanseerde maaltye deur die dag | • Dit sal verseker dat bloedglukose stabiel/ konstant bly.<br>• Dit voorkom uiterste fluktuasies in die bloedglukosevlak.<br>• Orale diabetesmedisyne lei daartoe dat die pankreas insulien vervaardig en deur maaltye oor te slaan, kan jou bloedglukose aansienlik daal. |
| Gebrek aan fisiese aktiwiteit<br>OF<br>Voorbeeld uit teks | Oefen 30 minute een keer per dag<br><br>Gereelde fisiese oefening | • Help om gewig te beheer.<br>• Stimuleer die sintese van insulien.<br>• Eet hoë-GI-happies na oefening om bloed-glukosevlakke te stabiliseer.<br>• Oefening bevorder die sensitiwiteit van insulien in die liggaam. |
| Hoë-stres – rook<br>OF<br>Voorbeeld uit teks | Vermy stres & hou op rook<br><br>Vermy stresverwante situasies | • Streshormoon (adrenalien) kan inmeng met insulienvervaardiging.<br>• Stres rook belemmer insulienfunksie<br>• Beter insulienfunksie |
| David eet kos met 'n hoë suikerinhoud<br>OF<br>Voorbeeld uit teks | Eet lae tot medium GI-voedsel<br><br>Sluit proteïenryke kosse by etes in | • Dit sal verseker dat bloedglukose stabiel bly.<br>• Hierdie kosse bevat gewoonlik baie vesel en vertraag dus maaglediging wat sal bydra om bloedglukosevlakke stabiel te hou.<br>• Eet hoofsaaklik lae-GI kosse tydens maaltye en wanneer jy peusel. Dit verseker 'n geleidelike, maar deurlopende toevoer van glukose in die bloedstroom sodat die vrystelling van oortollige insulien vermy word, dit verseker ook 'n volgehoue energietoevoer.<br>• Verlaag die totale GI van 'n maaltyd deur hoë-GI- en lae-GI-voedsel te kombineer.<br>• Hierdie kosse help om bloedglukosevlakke te stabiliseer omdat die meeste hoë proteïen kosse lae GI is. |

**VRAAG 5**

5.1 **Wat is die term vir die tydperk tussen blootstelling aan 'n virus en die verskyning van simptome?**

Inkubasietydperk

5.2 **Voltooi die vloeidiagram wat die *Hepatitis A*-infeksiesiklus van Sarah illustreer.**

Voedselwerker wat met die *Hepatitis A*-virus besmet is.

**OORDRAG**

Die virus is aan Sarah oorgedra deur …

5.2.1 Inname van besmette voedsel/kebabs

**OF**

5.2.2 Kontak met geïnfekteerde persoon/sjef

Enige volgorde

**VOEDSELVERWANTE SIMPTOME**

5.2.3 Naarheid en braking

5.2.4 Aptytverlies

5.2.5 Buikpyne en ongemak, veral in die lewer-area

<u>Addisioneel:</u> Diarree

Enige volgorde

**BEHANDELING VAN SIMPTOME**

5.2.6 <u>Naarheid en braking</u>
- Klein, gereelde versnaperings in plaas van vol etes.
- Vervang vloeistowwe en elektroliete wat deur braking verlore gaan.

5.2.7 <u>Aptytverlies</u>
- Klein, gereelde versnaperings in plaas van vol etes.

5.2.8 <u>Laat lewer rus</u>
- Vermy alkohol/koffie, aangesien meer stres op die lewer geplaas word om dit te verwerk.
- Eet laevet-kos sodat die lewer minder gal hoef te produseer wat 'n rol speel in die vertering van vet.

**Addisioneel:**

<u>Diarree</u>
- Eet oplosbare veselryke kos om stoelgang te bind.

*Antwoorde kan in enige volgorde wees, maar die behandeling moet DIREK met simptome verband hou.*

IEB Copyright © 2022 

## VRAAG 6

6.1 **Definieer *voedselbestraling*.**

Voedselbestraling is die proses van die blootstelling van voedsel en voedselverpakkings aan ioniserende bestraling soos gammastrale, x-strale of elektronstrale. Voedselbestraling verbeter voedselveiligheid en verleng 'n produk se raklewe (preservering) doeltreffend. Vernietiging of inhibering van groei van mikro-organismes wat verantwoordelik is vir bederf en voedseloordraagbare siektes, inhibeer ontkieming of rypwording en is 'n manier om insekte en indringerplae te beheer.

6.2 **Verduidelik waarom ingevoerde heuning bestraal word.**

Ingevoerde heuning kan skadelike organismes/bakterieë/insekte bevat, dus sal bestraling hierdie heuning veilig maak vir verbruik.

As hierdie skadelike organismes/bakterieë/insekte nie tydens invoer vernietig word nie, kan dit 'n nadelige uitwerking op ons plaaslike ekostelsel hê.

6.3 **Beskryf TWEE ander doelwitte van voedselbestraling.**

- Voedselbederf deur mikroörganismes word voorkom deur die mikroörganismes onaktief te maak of te vernietig.
- Rypwording en verrotting van vrugte word vertraag om die vrugte te vervoer of tuis te stoor.
- Tropiese vrugte word bestraal om ongewenste insekte te vernietig en te verhoed dat dit via skepe/lug vervoer word.
- Ontkieming van knolle en wortelgroente word vertraag, dus word voedselvermorsing verminder.
- Voorkom bederf van gedroogde voedselprodukte soos graan, kruie en speserye tydens berging.

IEB Copyright © 2022 

## AFDELING B KLEDING EN VERBRUIKERVERWANTE KWESSIES

### VRAAG 7

| **Vraag** | **7.1** | **7.2** | **7.3** | **7.4** |
|---|---|---|---|---|
| **Antwoord** | C | F | A | E |

### VRAAG 8

8.1 Haute Couture/Hoogmode

8.2 Kitsmodes

8.3 Afname

8.4 Modegril/gier

8.5 Korporatiewe drag/uniform

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 9

9.1 **Verduidelik hoekom die Adidas X Parley-skoene as 'n volhoubare klereproduk geklassifiseer kan word.**

**Enige 5 aanvaarbare punte wat volhoubare kwessies aanspreek.**

- Hierdie skoene word gemaak van afval uit die see wat die omgewingsimpak van die plastiek in die see verminder en lei tot minder besoedeling.
- Die gebruik van plastiekwaterbottels vir materiaal beteken dat dit nie op stortingsterreine of in die see sal beland nie.
- Klere sal van herwonne materiaal gemaak word, daarom hoef minder nuwe materiaal vervaardig te word wat koolstofvrystellings verminder.
- Sosiaal – werkskepping, vennootskap met globale maatskappye, bemagtiging van die plaaslike gemeenskap, armoedeverligting en gedeelde welvaart.
- Ekonomies – inkomste vir plaaslike inwoners, belegging van maatskappye in plaaslike gemeenskappe.

9.2 **Noem VIER maniere hoe verbruikers meer volhoubare klerekeuses kan maak.**

- Koop klere gemaak van volhoubare tekstiele soos organiese katoen/hemp/bamboes.
- Koop plaaslikvervaardigde klere – dit verminder die fossielbrandstof-vrystellings as gevolg van minder vervoer van materiaal/klere.
- Koop plaaslikvervaardigde materiaal en klere– dit sal die ekonomie stimuleer.
- Koop by tweedehandse winkels/tweedehandse klere wat die behoefte aan nuwe klereproduksie verminder.
- Skenk klere aan liefdadigheid of handig dit in om herwin te word dit verminder die hoeveelheid klere wat op stortingsterreine beland.
- Herskep ou klere of materiaal in nuwe klere of sny dit op vir lappe/ skoonmaaklappies, want dit verminder die hoeveelheid klere wat uiteindelik weggegooi word.
- Koop minder klere = klere wat vir veelvuldige gebruike gedra kan word.
- Koop minder klere van ‘'n hoër gehalte bo groter hoeveelhede laer gehalte klere (kan ook verband hou met hoër kwaliteit materiaalkeuses).
  (Enige 4)

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 10

10.1 **Verduidelik die voordele van die kweek van organiese katoen vir Tebogo.**

Tebogo en haar gesin sal nie aan skadelike plaagdoders blootgestel word nie, aangesien die gebruik van plaagdoders tydens die organiese boerdery-proses verbied word.

Verder, aangesien die gebruik van kunsmis en plaagdoders verbied word, sal dit nie in die grondwater wegsypel en Tebogo en haar gesin op so 'n manier aan hierdie chemikalieë blootstel nie.

Tebogo sal haar gesin van werk kan voorsien, wat sosiale volhoubaarheid verseker.

Tebogo sal finansieel baat vind, aangesien dit 'n nismark is, en om hierdie rede sal sy meer vir haar organiese katoen kan vra. Die produksiekoste is ook laer, aangesien Tebogo nie geld op kunsmis en plaagdoders sal spandeer nie, dus sal sy 'n groter wins kan maak.

10.2 **Noem DRIE ander volhoubare vesels.**

- SeaCell-vesel gemaak van seewier gekombineer met eko-vriendelike lyocell
- Soja
- Bamboes
- Hennep
- Sy
- RPET- herwonne plastiekbottels
  (Enige 3)

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 11

11.1 **Beskryf die stappe wat 'n jong professionele persoon moet volg om 'n basiese klerekas vir werk te beplan.**

1. Vasstel van behoeftes/Bepaal jou behoeftes.
   - Leefstyl.
   - Kleredragkode
   - Korporatief toepaslik


2. Evalueer bestaande klerekas.
   - Evalueer wat jy gereeld dra.
   - Raak ontslae van klere wat jy nie meer dra nie.

3. Bepaal bronne/Ondersoek beskikbare hulpbronne.
   - Beskikbare fondse sal begroting vir klere bepaal.

4. Stel 'n lys items op van wat jy moet koop om jou bestaande klerekas aan te vul/te komplimenteer.
   - Oorweeg 'n kapsule-klerekas.
   - Oorweeg om soveel items te koop wat gemeng en gepas kan word.
   - Maak 'n lys van klere wat komplementeer wat jy alreeds het.

11.2 **Skets en benoem 'n eenvoudige grafiek wat die modesiklus van die klassieke swart baadjie hieronder voorstel.**

OPSKRIF/TITEL




Kandidate moet die asse benoem om volpunte te kry – as hulle hul lyn trek, moet dit nie skerp wees of as afname/verouderd gemerk word nie – dit sal dan NIE 'n klassieke mode verteenwoordig nie.

## VRAAG 12

12.1 **Wat sal 'n verbruiker motiveer om 'n 'nagemaakte' weergawe van handelsmerk-tekkies te koop?**

**Die antwoord moet duidelik verband hou met die volgende:**

- Die verbruiker wil handelsmerke dra om in te pas by 'n sosiale groep = status.
- Verbruikers kan nagemaakte skoene teen 'n baie laer prys koop = koste.
- Deur duur handelsmerkklere te dra, verdien hulle meer geld en kan dus handelsmerke bekostig, en word dan as suksesvol beskou = sukses.
- Handelsmerkklere is duur, daarom sal verbruikers nagemaakte produkte koop om die indruk van rykdom te skep = rykdom.
- Mense wat handelsmerkklere dra, word as modieus beskou, gevolglik sal verbruikers wat nie handelsmerkklere kan bekostig nie, namaaksels koop = modieus.
- Suksesvolle mense, gewoonlik die mense wat in advertensies vir handelsmerkklere gebruik word, is gewoonlik gewild, daarom wil die verbruiker dieselfde voel, en koop die nagemaakte klere = gewildheid.
- Verbruikers wil selfversekerd en goed oor hulself voel, 'n gevoel wat dikwels ervaar word met die dra van handelsmerkklere = selfvertroue.
- Toegang tot vervalste handelsmerke in hoër as sommige beperkte regte handelsmerke.

12.2 **Baie handelsmerk-tekkies wat by informele markte verkoop word, is 'grys invoer-goedere'. Verduidelik wat grysgoedere is.**

- Klere-items wat 'n vervaardiger nie in 'n bepaalde land wil verkoop nie.
- Hulle word via nie-amptelike kanale ingevoer.
- Hulle word deur handelaars verkoop wat nie deur die handelsmerk goedgekeur word nie.
- Waarborge is dus ongeldig omdat dit deur nie-amptelike handelaars verkoop word.

12.3 **Verduidelik die negatiewe impak wat die verkoop van 'nagemaakte' tekkies op die plaaslike klerebedryf sal hê.**

- Lei tot verliese van miljoene (enige geldeenheid) vir die vervaardigers van geregistreerde handelsmerkgoedere.
- Dit benadeel die reputasie en beeld van die handelsmerk.
- Dit benadeel kleinhandelaars wat wettige produkte verkoop omdat verbruikers goedkoper nagemaakte goedere koop.
- Dit lei tot 'n verlies aan werksgeleenthede.
- Lande ontvang nie inkomstebelasting op produkte wat die land binnekom nie en dit is nadelig vir die ekonomie.

IEB Copyright © 2022 

## AFDELING C BEHUISING EN MEUBLEMENT EN VERBRUIKERVERWANTE KWESSIES

### VRAAG 13

13.1 oordragprokureur

13.2 Huurders

13.3 aanbod om te koop

13.4 omvattende huiseienaarsversekering

13.5 eiendomswaardasiefooi

### VRAAG 14

| Vraag | 14.1 | 14.2 | 14.3 | 14.4 | 14.5 |
|---|---|---|---|---|---|
| **Antwoord** | B | E | G | A | C |

### VRAAG 15

15.1 **Identifiseer, met redes, die tipe eiendom in:**

15.1.1 **Eiendom A**

Deeltitel/hoë digtheid

- Gemeenskaplike swembad
- 12 eenhede
- Heffing betaal aan beheerliggaam
- 24 uur sekuriteit

15.1.2 **Eiendom B**

Voltitel eiendom/lae digtheid

- Volledig omheinde erf
- Groot, privaat agterplaas
- Motorhuise is nie op die straat nie
- Hele eiendom wat deur een persoon besit word

15.2 **Watter van die eiendomme sal die geskikste wees vir die gesin hierbo? Motiveer jou antwoord**.

Eiendom B

- Voldoende kamers vir die volwassenes en kinders
- Ruimte vir 'n bejaarde familielid in die woonstel
- Tuin vir honde

15.3 **Noem VYF gebruike van die heffing, waarna daar in eiendom A verwys word.**

- Instandhouding van gemeenskaplike tuine en gemeenskaplike areas.
- Betaling van sekuriteitsmaatskappy.
- Spaar vir herstelwerk aan gemeenskaplike paaie en ontspanningsareas.
- Betaal belasting en water van gemeenskaplike eiendom aan die plaaslike regering.
- Lone en salarisse van personeel.
- Versekering van die geboue.

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 16

16.1 **Stel 'n kontrolelys met goeie redes saam, wat Ben sal help om die beste wasmasjien vir sy leefstyl te kies.**

- Kan onder die toonbank inpas.
- Kan kleiner ladings wasgoed op 'n keer was – spaar water.
- Het 'n kort siklus om tyd te bespaar.
- Het 'n eko-instelling om energie te bespaar.

16.2 **Bespreek die verskille tussen 'n afbetalingsverkoopooreenkoms en kontantaankope.**

Kontantaankope
- Jy kry onmiddellik eienaarskap van die goedere.
- Jy kan vir 'n kontantkorting vra.
- Jy betaal die gelyste prys vir die item – gebruik die voorbeeld uit die bron – $250.

**Afbetalingsverkoopooreenkoms**
- Sal oor 'n tydperk meer kos – gebruik bedrag van die bron – $380.
- As jy 'n betaling met huurkoop mis, kan die goedere teruggeneem word.
- Jy besit nie die goedere voordat dit afbetaal is nie en dit kan beskadig of breek voordat dit afbetaal is.

16.3 **Noem VIER verbruikersverantwoordelikhede voor, en VIER verantwoordelikhede na die aankoop van die gekose wasmasjien.**

| VERANTWOORDELIKHEDE VOORDAT AANKOOP GEDOEN WORD | VERANTWOORDELIKHEDE NADAT AANKOOP GEDOEN IS |
|---|---|
| Vergelyk verskillende wasmasjien-handelsmerke. | Maak seker jy het die regte wasmasjien ontvang. |
| Vergelyk verskillende wasmasjiene by verskillende afsetpunte. | Maak seker dat daar 'n handleiding vir die toestel beskikbaar is. |
| Vind 'n betroubare handelaar met 'n goeie reputasie. | Lees die handleiding sorgvuldig en volg die instruksies. |
| Vra oor verskuilde kostes soos aflewering. | Toets die wasmasjien. |
| Bestudeer die waarborg. | Voltooi die registrasiekaart vir waarborg indien van toepassing. |
| Lees enige kontrakte deeglik voordat jy die aankoop doen. | Hou al die kwitansies vir die toestel. |
| | As jy enige klagtes het – volg die korrekte prosedure. |

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 17

17.1 **Waarom moet verbruikers die energiegradering van 'n groot toestel in ag neem voordat hulle dit koop?**

- Die keuse van toestelle met 'n beter energiegradering sal hulpbronne soos elektrisiteit en water bespaar.
- Dit sal 'n besparing van geld tot gevolg hê.
- Die verbruiker sal ook 'n kleiner koolstofvoetspoor nalaat.

17.2 **Formuleer VYF praktiese maniere om water by die huis te spaar.**

*Kandidate mag hul eie kennis/STEM vir hierdie vraag gebruik; antwoorde moet egter daarop fokus dat individue water in die huis BESPAAR en nie net algemene waterbesparingswenke nie.*

- Installeer watertenks wat reënwater opvang om minder munisipale water vir tuine gebruik.
- Gebruik badwater of water van die wasmasjien (gryswater) om die tuin nat te lei, wat dus minder munisipale waterverbruik tot gevolg het.
- Draai die kraan toe terwyl jy jou tande borsel – mors dus nie water nie.
- Neem korter storte en hou die tyd dop.
- Verminder die hoeveelheid van storte of baddens per dag
- Plaas 'n plastiekbottel of baksteen in die spoelbak van jou toilet.
- Vind en herstel enige lekkasies.
- Gebruik die wasmasjien en skottelgoedwasser net vir 'n vol lading.
- Gebruik 'n waterbesparende stortkop.
- Vul 'n houer met water terwyl water warm word in die stort of wasbak

17.3 **Verduidelik TWEE redes waarom 'n verbruiker dalk gas as 'n energiebron vir kook kan verkies.**

Deur elektrisiteit te bespaar, doen jy die volgende:

- Verminder die hoeveelheid elektrisiteit wat opgewek moet word, wat lei tot verminderde koolstof emissies, en verminder dus die kweekhuisgasse wat in die atmosfeer vrygestel word.
- Spaar geld, dis dus goedkoper – het dus meer besteebare inkomste.
- In lande met beurtkrag is gas meer betroubaar.
- Gas is 'n opsie in uiters afgeleë gebiede.

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 18

**Skryf 'n artikel vir verbruikers wat die impak van organiese boerdery en geneties-gemodifiseerde gewasse op voedselsekerheid in ontwikkelende lande bespreek.**

*Kandidate moet hul kennis van voedselsekuriteit/GGO's en organiese boerdery KOPPEL om die IMPAK van hierdie boerderypraktyke op voedselsekerheid te bespreek. Studente moet 'n standpunt inneem.*

| |
|---|
| Definisie van voedselsekerheid<br>Voedselsekerheid beteken dat alle mense daagliks toegang tot genoeg veilige en voedsame kos het om 'n aktiewe en gesonde lewe te lei. |

Beginsels van voedselsekuriteit – 3 geïntegreer in artikel:

- Beskikbaarheid van voedsel
- Toegang tot voedsel
- Benutting van voedsel

<u>Organiese boerdery – impak op voedselsekuriteit</u>

**Voordele – bevorder voedselsekerheid**

- Produkte word verbou of gekweek sonder die gebruik van chemiese plaagdoders, onkruiddoders, kunsmis, of GGO's; dit sal daartoe lei dat meer grond bewerkbaar sal wees vir toekomstige voedselproduksie – voedselsekerheid verhoog dus omdat meer voedsel beskikbaar sal wees.

- Organies-geproduseerde kosse is waarskynlik meer voedsaam, aangesien die mikro-voedingstofinhoud waarskynlik hoër is – laat mense dus toe om meer voedingstowwe uit minder voedsel te verkry – verhoog dus potensieel voedselsekuriteit omdat mense toegang tot voedsame kos het.

- Gesonde plante wat in gebalanseerde grond gekweek word, is meer bestand teen siektes, plae en droogtes, daarom sal meer voedsame kos vir mense in ontwikkelende lande beskikbaar wees.

**Nadele – belemmer voedselsekerheid**

- Organiese kos kan duurder wees om te produseer, dus maak dit voedsel duurder en minder beskikbaar vir die meeste mense.

- Organiese boerdery kan laer opbrengste hê, wat dus daartoe lei dat minder voedsel vir die grootste deel van die bevolking beskikbaar is.

<u>GGO's</u>

**Voordele – bevorder voedselsekerheid**

- Gewasse kan meer plaagbestand wees, en die behoefte aan plaagdoders word dus verminder.
  - produksiekoste word verlaag, want minder tyd en implemente word benodig om oeste te bespuit, voedselpryse verlaag dus, en voedsel is makliker beskikbaar vir mense in ontwikkelende lande.

- Gewasse kan beter bestand wees teen siektes en ongunstige toestande.
  - Kos is die hele jaar beskikbaar – daarom is meer kos beskikbaar vir mense in ontwikkelende lande.

- Gewasse kan gekweek word om versterk te word, bv. goue rys, om aan die voedingsbehoeftes van 'n land te voldoen.

**Nadele – belemmer voedselsekerheid**

- GGO's word dikwels kommersieel verbou, daarom is baie van hulle enkel-gewasse, wat kan lei tot 'n kleiner verskeidenheid voedsel, wat dan die beskikbaarheid van 'n verskeidenheid voedsame kos beïnvloed.

- GGO's kan die toeganklikheid tot 'n verskeidenheid voedselsoorte beïnvloed omdat GGO's dikwels kommersieel verbou word en enkelgewasse is.

Kandidate moet afsluit deur te sê of Organiese Voedsel of GGO's die grootste positiewe impak op voedselsekerheid het.

**Totaal: 200 punte**

IEB Copyright © 2022

| **Kriteria** | **Prestasie-aanwysers** | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | **3 punte** | **2 punte** | **1 punt** | **0 punte** |
| Die drie beginsels van voedselsekerheid is in die artikel geïntegreer. | | Al drie beginsels is foutloos in die artikel geïntegreer.<br><br>Geen feitefoute nie. | Slegs 2 beginsels is goed in die artikel geïntegreer.<br><br>Geen feitefoute nie. | 1 beginsel word in die artikel geïntegreer.<br><br>Baie feitefoute. | Geen beginsels van voedselsekerheid word in die artikel geïntegreer nie. |
| | **6 punte** | **5–4 punte** | **3–2 punte** | **1 punt** | **0 punte** |
| Impak van organiese boerdery op voedselsekerheid. | Die antwoord sluit 3 gevolge van organiese boerdery op voedselsekerheid in.<br><br>Geen feitefoute nie. | Die antwoord sluit 1–2 gevolge van organiese boerdery op voedselsekerheid in.<br><br>Geen feitefoute nie. | Slegs 1 gevolg van organiese boerdery word verduidelik.<br><br>Sommige feite is onduidelik, onvanpas of sonder detail.<br>.<br><br>Enkele feitefoute | Daar is gepoog om die impak van organiese boerdery op voedsel-sekerheid te bespreek.<br><br>Die antwoord is vaag en meestal onvanpas. | Daar was geen poging om die impak van organiese boerdery op voedselsekerheid te bespreek nie. |
| Impak van geneties-gemodifiseerde gewasse op voedselsekerheid. | Die antwoord sluit minstens 3 gevolge van geneties-gemodifiseerde gewasse op voedselsekerheid in.<br><br>Geen feitefoute nie. | Die antwoord sluit 1–2 gevolge van geneties-gemodifiseerde gewasse op voedselsekerheid in.<br><br>Geen feitefoute nie. | Slegs 1 gevolg van geneties-gemodifiseerde gewasse word verduidelik.<br><br>Sommige feite is onduidelik, onvanpas of sonder detail.<br><br>Enkele feitefoute. | Daar is gepoog om die impak van geneties-gemodifiseerde gewasse op voedsel-sekerheid te bespreek.<br><br>Die antwoord is vaag en meestal onvanpas. | Daar was geen poging om die impak van geneties- gemodifiseerde gewasse op voedselsekerheid te bespreek nie. |
| | | **3 punte** | **2 punte** | **1 punt** | **0 punte** |
| Kwaliteit van die artikel. | | Die artikel is duidelik en bondig geskryf. Vloei is logies. Fokus word konsekwent behou. Die gebruik van terminologie is akkuraat. Daar is standpunt ingeneem in die gevolgtrekking | Die artikel is meestal duidelik, die vloei is logies, die fokus word behou en die gebruik van terminologie is akkuraat. Daar is geringe weglatings. | Die antwoord bevat foute wat verband hou met duidelikheid, redenasie, fokus en terminologie, wat die kwaliteit van die artikel beïnvloed. | Die artikel is betekenisloos. |
| | | | **2 punte** | **1 punt** | **0 punte** |
| Aanbieding | | | Die antwoord is georganiseerd met 'n gepaste titel, goed saamgestelde paragrawe, 'n innemende inleiding en 'n duidelike gevolgtrekking. Taal en toon is gepas. | Die antwoord is georganiseerd, maar in verskeie opsigte gebrekkig. | Die antwoord is gebrekkig in alle of byna alle aspekte van die aanbieding. |

IEB Copyright © 2022